

Jes 46:3-4 ..julle vir wie Ek gedra het van julle geboorte af, wat Ek vasgehou het vandat julle daar is. Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red!


2009 is amper verby

Orals waar ons kom, sien ons hoe 2009 sy laaste buiging maak en mens weet nie of jy moet bly of hartseer wees nie, want tog vul dit jou hart met so 'n tikkie heimwee en gemende emosies. Kruispad kan terugkyk op 'n vrugtevolle jaar, maar dit was verseker nie sonder pyn en hartseer nie. Een ding besef ons; **groeï kan nie plaasvind sonder verandering nie en met elke nuwe geboorte is**



daar pyn betrokke. As jy terugkyk op hierdie jaar en jy besef hoeveel pyn daar was, weet verseker... **JY HET GEGROEI!** Jy is nie meer op die plek waar jy verlede jaar was nie. God is besig om jou te verander en gereed te maak vir 'n nuwe geboorte wat voorlê! God troos ook Sy kinders in **Psalm 126:5-6**

Wie met tranes saai, sal die oes met gejuig inbring. Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.



Stop Overloading!

Die Here is besig om hard met ons te praat oor hierdie saak. Ons het die laaste tyd ervaar dat ons werklik 'n ander soort moegheid ervaar. As jy ook in jou gees besef dat jy dit ervaar, sit saam met ons by Jesus se voete vir 'n oomblik. Kom ons vra Sy Heilige Gees om ons te lei om werklik ons tyd so in te rig dat ons nog kan tyd hê vir onself en ons tyd met God nie

afgeskeep word nie. Om te wag op die Here is een van die goue reëls wat ons so baie oortree.

Isa 40:31... maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.

Dis die geheim, maak tyd om te WAG OP GOD! Moenie jou eie planne maak en besluite neem voordat jy nie op God gewag het vir 'n antwoord nie. Amen!



Stunters & Crossroad Ministries bedien by die Orkney Fees op 31 Oktober 2009!



Sonja en Aggie van 7de Laan kyk verwonderd toe ...

Jy is net veilig in God se Hand!



Jou lewe in God se Hand...



Die Stunters in aksie...

Dit was die tema van ons bediening op hierdie feesdag mense die pad volgestaan het Evangelie van Jesus Christus word! Alhoewel daar 'n klein beserings was, loof ons die geleentheid om mense te kon

AS GOD JOU HAND VASHOU! Jou lewe mag dalk soos hierdie tyre hierbo lyk, maar God kan jou weer heelmaak en herstel wat die vyand van jou gesteel het! Gaan asb na **STUNTERS for CHRIST MINISTRIES** se page op ons webblad vir baie meer nuus! www.crossroad-ministries.co.za

waar letterlike honderde om te kom kyk hoe die op 'n unieke wyse uitgedra ongelukkie met geringe Here vir 'n awesome vertel dat **JY IS NET VEILIG**



Psa 139:13 Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef.

Francois het die NW Bikers Sondag 8 Nov hierdie belangrike vraag gevra:

“Wat is jy Werd?”

Wel, jy is **CUSTOM-MADE** deur God!

Mat 10:29 Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie.

Hierdie boodskap is beskikbaar op ons website onder **TEACHINGS**

Nou ja, soos Francois gesê het: “God het selfs mensgemaakte foute en sonde in ag geneem toe God jou en my beplan en geskep het!”

Aan elkeen wat hierdie diens bygewoon het ... julle sal onthou... “**blou bakkie**”? Wel, ter wille van die wat nie daar was nie, sal julle asb die volgende diens (29ste November!) bywoon, verkieslik met “**jou bakkie**”. Ons verneem daar is 'n sekere **rooi bakkie** wat ook 'n indrukwekkende stukkie geskiedenis bevat...Deon & Adri het die volle getuienis...

Ons kan maar net dankie sê vir hierdie ou blou bakkie en indien iemand hom graag wil leen, laat weet gerus...

Ja, dis nou al amper 6 weke wat ons gedwonge is om met die blou bakkie te ry aangesien ons Isuzu nog onder narkose is. Dink darem nie God het weer ons DNA nodig nie...!



BADGES & SCROLLS NOU BESKIKBAAR!

Ons het 'n vrugtevolle vergadering met CMA se Nasionale President, René Changioun gehad op Dinsdag 3 Nov tov die gebruik van die woord BIKERS CHURCH.


Soos hy dit self genoem het: **"It was a history making night!"** Ons sal in 'n vriendskaps verhouding staan met CMA en ons is ook deur René uitgenooi om hierdie Vrydag hul Pastore Konferensie in Midrand by te woon as presidentspaar van die NWBA Bikers Church!

Bestel asb jou NWBA Bikers Church Badge & Scroll on-line op die NWBA Bikers Church page of kontak ons gerus. Pryse: R40.00 (Lapwapen) & R80.00 (Leerwapen) – sluit badge en scroll in

Ons wag nog vir ons sakemanne- & vroue!

Ons webtuiste www.crossroad-ministries.co.za het reeds meer as 260000 hits gehad sedert Jan '09 en ons wil graag ons konings wat besigheidseienaars is, die voordeel en publisiteit hiervan laat geniet deur hul besighede te adverteer.

Ons wil graag 'n toegewyde webblad skep vir hierdie doel en vra dat al ons konings vir ons hul **LOGOS, KONTAK BESONDERHEDE, WEBTUISTE ADRES** (indien beskikbaar) en 'n **KORT OMSKRYWING** van hul onderneming sal e-pos na crossroads@vodamail.co.za. Indien u 'n webtuiste het, skep ons 'n skakel tussen ons webtuiste en u webtuiste. As daar potensiele konings is wat wil deel word van hierdie projek, kan u ons gerus skakel of gaan na ons **CROSSROAD KINGS** bladsy op die web om meer inligting te verkry! Word sommer vandag nog 'n **KONING** van die beste Koninkryk op aarde en in die hemel en deel in die beloning wat **GROOT** is!



Are You Ready to Show the Devil a Thing or Two?

Matthew 8:28–32

Suddenly [the demons] cried out, saying, "What have we to do with You, Jesus, You Son of God? Have You come here to torment us before the time?"


Can you describe the devil's primary strategy? It is very simple. All he can do is stall for time until Jesus returns! He does that by keeping us from understanding and walking in the kingdom.

In Matthew 8:28–32, Jesus cast out a large number of demons from two men. Just before they left their victims, the demons cried out in a loud voice, "What have we to do with You, Jesus, You Son of God? Have You come here to torment us before the time?"

The devil and his cohorts know they are damned to hell and the eternal torment of the lake of fire (see Matt. 25:41 and Rev. 20:10). The demons in Matthew's account thought that their torment would begin at the end of time, but they were wrong. The devil's torment began the moment Jesus—and those who followed Him—began to preach the gospel of the kingdom!

Jesus did not wait until the end to torment the devil and his so-called kingdom. The Bible says **He came to "destroy the works of the devil"** (1 John 3:8 nkjv). *So why are you waiting? Have you not been given power over unclean spirits in Jesus' name?*

Are you ready to show the devil a thing or two? Let us walk in a pure gospel; let us walk in the kingdom and demonstrate the power of God right here and right now.



It is Awesome and Powerful!

Holy Father, thank You for sending Your Son to set us free and destroy the works of the devil. Now I accept Your mandate to pick up the cross and name of Your Son and continue His work in the earth. By Your command I, too, am sent to destroy the works of the devil without mercy or hesitation. May Your kingdom come and Your will be done on earth as it is in heaven. In Jesus' name I pray, amen.

DANKIE VIR JOU FINANSIËLE BESKERMING! Dit is wonderlik om as 'n koning deur die Here gebruik te word om 'n verskil te maak! Ons nooi u uit om deel te word van ons Kruispad Koning vennootskap. Besoek gerus ons CROSSROAD KINGS webblad vir meer inligting of e-pos ons.

CROSSROAD GOSPEL MESSAGE

FIRST NATIONAL BANK – 230102 CHEQUE A/C: 62016730865

www.crossroad-ministries.co.za

crossroads@vodamail.co.za